GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS
Gestig 1855 Founded

VERLOF

BELANGRIKE REËLS RAKENDE:

KLEREDRAG-REËL AS SEUNS DIE SKOOLKAMPUS VERLAAT EN TERUGKEER.

- VERPLIGTEND: Wanneer seuns skoolgronde verlaat vir welke rede ookal, moet hulle altyd 'n wit hemp en baadjie dra. Voorbeeld: huis toe gaan vir naweek of vakansie; mall besoek; dokters besoek, ens.
- VERPLIGTEND: Wanneer seuns terugkeer van vakansie, naweek by die huis ens. MOET hy sy wit hemp en baadjie dra.
- U hoef nooit verlof in te sit wanneer dit vakansie is nie.
- Ouers hoef nie verlof in te sit indien seun vir 'n naweek inbly nie. Dit word outomaties aanvaar dat u seun inbly indien geen verlof teen woensdagaand, 19hoo ontvang is nie.

NAWEEK-, DAG- EN STADSVERLOF

Verlof is 'n voorreg en goeie gedrag sal verseker dat dit benut kan word.
Enige verlof word alleenlik deur die Huisvader, of in die geval van sy afwesigheid, deur die waarnemende personeellid, toegestaan. Die Matrone mag geen verlof goedkeur nie.
Vervolgens, 'n paar reëlings ten opsigte van die toepassing van die reëls:

- Met die uitsondering van omstandighede soos later bespreek, moet seuns óf ouers ELKE KEER wanneer die seun die skoolgronde verlaat, op Boardwell aansoek doen vir toestemming. Dit sluit in stadsverlof, verlof vir ekstra klasse wat nie op die skoolterrein aangebied word nie en/of naweekverlof ens.
- Slegs ouers/voogde mag aansoek doen vir verlof. Seuns mag nie self aansoek doen vir naweek verlof nie.
- Alle aansoeke om verlof moet die Huisvader voor of op WOENSDAG om 19:00 bereik.
- Gedurende die tydperk wat Boardwell nog nie in werking is nie, kan aansoeke per e-pos gedoen word, (murray@gc.co.za) Die rede hiervoor is om u kans te gee om die Boardwell App op u foon af te laai en eers daarmee vertroud te raak.

- Wanneer u Boardwell App werk, gaan versoeke vir verlof op die App gedoen word. Ons stel voor dat u vir uself 'n "reminder" op u foon stel – sommer reeds die Dinsdag – om op Boardwell om verlof aansoek te doen, aangesien geen laat aansoek om verlof toegestaan sal word nie. Geen mondelinge / telefoniese aansoeke of aansoeke per SMS/WhatsApp sal aanvaar word nie.
- Indien u 'n epos stuur om aansoek te doen om verlof, sal ons dit verkies as u asseblief die aansoek om verlof in die e-pos TEKS vervat, in plaas daarvan om dit per aanhangsel te stuur (murray@gc.co.za). Ons doen 'n beroep op u om asseblief so gou moontlik van die Boardwell-sisteem gebruik sal maak, sodra u u wagwoord via epos van Boardwell ontvang.
- Afhangend van omstandighede soos skoolverpligtinge en gedrag, sal graad 8's vir die EERSTE keer toegelaat word om tydens die naweek van 9 Februarie 2024 verlof te neem in die vorm van 'n "uit-naweek", "Saterdag dag-uit" of "Sondag dag-uit". Maak asb. seker dat, indien u

seun om verlof kwalifiseer, skriftelike versoeke vir enige van hierdie drie opsies by die Huisvader ingedien is nie later nie as Woensdag 7 Februarie 2024 om 19:00.

- Nadat verlof teen 'n Woensdagaand toegestaan is, word geen uitsondering gemaak nie. Geen verlof wat toegestaan is mag na 'n ander soort verlof vir die betrokke naweek verander word nie. Indien seuns sonder verlof vir die naweek huis toe gaan, verbeur hulle enige tipe verlof vir die daaropvolgende twee naweke!

NAWEEK

1. 'n Naweek begin direk na skool op 'n Vrydag en duur tot net vóór skool op die daaropvolgende Maandag en/of skooldag (in die geval van openbare vakansiedae). Die skool stel ± een naweek per kwartaal as 'n verpligte in-naweek vas. In die geval van die musiekfees gedurende die derde kwartaal, mag seuns na afloop van die musiekfees se laaste vertoning die res van die naweek verlof neem. Daar is ook verpligte uit-naweke is; hierdie uit-naweke is gewoonlik kalender langnaweke. Datums sal aan u deurgegee word.
2. Kriteria wat sal behels dat u vir u seun op Boardwell om naweekverlof aansoek moet doen:
   - Naweekverlof – wanneer u seun die naweek huis toe gaan.
   - Sportaangeleenthede – wanneer u seun tydens die betrokke naweek op enige plek weg van die skool se gronde aan sport gaan deelneem.
   - Sport-naweek – wanneer seun na afloop van sy sport die betrokke naweek saam met u huis toe gaan.
   - Saterdag dagverlof – duur vanaf 08:15 Saterdagoggend tot 17:15 Saterdagmiddag – indien u die dag saam met u seun wil spandeer, of indien hy vir die dag by 'n stad-seun wil gaan kuier.
   - Sondag dagverlof – van na afloop van die oggend-kerkdiens tot 17:15 die middag; selfde redes as Saterdag dagverlof.
   - Sondag "langdag" – van na afloop van die oggend-kerkdiens tot 21:00 die aand; selfde redes as Saterdag dagverlof.
3. BELANGRIK: Indien seun by iemand anders gaan kuier. Die Huisvader moet ook voor Woensdag 19:00 'n e-pos vanaf die seun se ouer/voog ontvang met inligting rakende die persoon(e) by wie die seun gaan vertoef.
4. Die volgende inligting MOET in 'n uitnodigingsbrief verskyn: Leerder se naam en van; gasheer se naam en van; gasheer se adres en telefoonnommer asook die datum/ tydperk van die verlof. Hierdie uitnodigings moet in alle gevalle deur die gasheer onderteken wees. 'n Toestemmingsbrief (e-pos of faks) vanaf die ouers/voogde en/of besonderhede op die Boardwell-aansoek moet ook die uitnodigingsbrief vergesel (voorbeeld volg).
5. Seuns mag onder geen omstandighede die skoolgronde verlaat indien hulle nie op Boardwell om verlof aansoek gedoen het nie. Hierdie verlof gaan nie elke keer goedgekeur word nie, maar is noodsaaklik vir ons rekord om te weet waar die seuns hulself bevind.
6. Wanneer seuns tydens naweke saans spesiale funksies bywoon, moet die skool of instituut deur wie hulle genooi word 'n formele uitnodiging aan die Skoolhoof rig. Die Skoolhoof sal dan die nodige toestemming gee, al dan nie. Wanneer seuns, met die nodige toestemming, op 'n naweek-aand vanaf hierdie funksies terugkeer, moet hulle by die Onderwyser aan Diens rapporteer. Dit geld ook vir seuns wat met spesiale toestemming op sekere weeksaande die koshuis verlaat, bv. vir ekstra klasse.
7. Geen verlof word toegestaan tydens skoolfunksies of skoolaangeleenthede nie.
8. Saterdagoggende en -middae mag seuns die skoolterrein sonder enige spesiale verlof verlaat, maar moet sorg dat hulle terug is vir elke appèl-byeenkoms en alle etes.
9. Seuns mag ook op Sondagmiddae, net ná middagete, die skoolterrein sonder spesiale toestemming verlaat, maar moet betyds terug wees vir appèl om 17:15. (Sondagoggende woon seuns die kerk van hul keuse by. Hierdie kerkbywoning is verpligtend wanneer seuns naweke inbly.)

MURRAY-HUIS SE DEURE SLUIT SAANS OM 21:00.

NA-URE BY KOSHUIS AANKOM (NA 21:00 OPDAAG BY MURRAY-HUIS)

Indien u seun op 'n Sondag of enige ander aand ná 21:00 by Murray-Huis opdaag – weens 'n vlug, trein, bus of taxi wat eers ná 21:00 in Bloemfontein arriveer – moet hy asseblief die Onderwyser aan Diens kontak om die koshuis oop te sluit. Dit sal baie help indien u reeds vooraf met die Onderwyser aan diens in verbinding kan te tree. Die diensrooster en kontaknommers is beskikbaar op die Grey-webblad asook in die Koshuis.

TERUGKEER NA 'N SKOOLVAKANSIE OF LANGNAWEEK:

1. Die seuns moet altyd, die dag voor die skool open, voor 21h00 terug wees in die koshuis
2. Die kombuis maak ALTYD eers die dag wat die skool begin oop. Onthou om vir u seun kos te voorsien vir die dag voor die skool begin.
3. VOOR DAT u kaartjies bespreek (Bus/Vlieg) vir u seun om terug te keer KOSHUIS toe na die skoolvakansie of langnaweek: U seun mag nie net enige tyd voor genoemde tyd terugkom sonder om TOESTEMMING van die koshuisvader te kry nie.
    a. Daar mag dalk geen staf by dit koshuis wees nie.
    b. Die kombuis bedien eers die dag wat die skool open etes.

GEEN SEUN MAG GEDURENDE SKOOLVAKANSIES EN VERPLIGTE UITNAWEKE IN DIE KOSHUIS BLY NIE!

NB!

- Seuns moet ten alle tye hul persoonlike veiligheid en die veiligheid van ander in ag neem.
- Moenie die skoolgronde verlaat sonder om OP BOARDWELL AANSOEK TE DOEN, en maak seker jy is deel van 'n groep van minstens drie ander seuns, veral in geval van nommers 6, 7 en 8 hierbo.
- Hou by die bekende, bly in groepe en wees altyd waaksaam (selfs wanneer jy die toilet besoek of die pad oorsteek).
- Indien seuns (met die toestemming van hul ouers/voogde), 'n passasier in 'n voertuig is, moet hulle seker maak dat die bestuurder 'n lisensie het.
- Hulle moet ook seker maak dat die bestuurder nie onder die invloed van alkohol of ander middels is nie.
- Seuns moet ten alle tye vasgegordel kan wees. Talle noodlottige ongelukke vind plaas wanneer kinders agterop 'n bakkie ry. Waarsku asb. u seun om nie sonder u toestemming agterop 'n bakkie te ry nie, veral nie in die stad nie.
- Die dra van valhelms word vereis wanneer seuns fietsry of motorfiets ry. Seuns word ernstig daarvan afgeraai om sonder hul ouers/voogde se toestemming agterop motorfietse te ry.

Ter wille van ons seuns se veiligheid, u eie gemoedsrus en die verligting van moontlike aanpassings-angstigheid, maak ons op u as ouers en voogde staat om asb. hierdie BAIE BELANGRIKE dokument met u seuns deur te gaan.

VOORBEELD VAN VERLOFAANSOEK WANNEER EPOS GEBRUIK WORD.

Hou asseblief in gedagte dat die e-pos sisteem slegs geldig sal wees gedurende die eerste twee maande van die jaar en dat u asseblief so gou moontlik op die Boardwell-toep moet registreer. Ons versoek dat u asb. die aansoek in die vorm van 'n teks in die e-posboodskap en nie as 'n aangehegte dokument sal stuur nie.

Datum van epos:	7 Februarie 2024
Woonadres – ouers / voog:	Plaas Bosrandfontein Bothaville 9660
REDE VIR VERLOF:	Naweek verlof; dag uit of lang dag uit
U seun se naam en van:	Kaleb Nel
Graad en Dorm:	Graad 8, dorm 18
Vertrek vanaf skool:	Vrydag, 9 Februarie 2024; 15h00
Terugkeer:	Sondag, 11 Februarie 2024; 18h00
In sorg van:	Mnr & Mev Richter
Adres en kontak besonderhede van persoon by wie kind vir naweek gaan kuier:	
	Viljoenstraat 15 Dan Pienaar Bloemfontein Tel. 082 000 0000 (Mev Richter)
Ouer / Voog naam en van:	Mev Sasha Nel
Verwantskap aan seun:	Moeder
Sel nommer / kontak nommer:	083 000 0000
Landlyn indien beskikbaar:	058 000 0000